Wes-Kaapse Regering

BETER TESAME.

BELANGRIKE KENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT OPROEP OM BENOEMINGS VIR DIE RAAD VAN ERFENIS WES-KAAP

Lede van die publiek word genooi om kandidate te benoem om vir 'n periode van drie jaar op die Raad van Erfenis Wes-Kaap, 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid, te dien.

Erfenis Wes-Kaap is verantwoordelik vir die beskerming, bevordering en bestuur van die erfenishulpbronne van die Wes-Kaap.

Sy mandaat word bepaal deur die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999) en die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999).

VEREISTES:
Benoemdes moet –

(a) Suid-Afrikaanse burgers wees
(b) Permanente inwoners van die Wes-Kaap wees
(c) Bewys lewer van kennis, kwalifikasies, ervaring en belangstelling in vakke wat verband hou met die bestuur van erfenishulpbronne.

Die Raadslede sal aangestel word deur die LUR volgens die kriteria van deursigtigheid en verteenwoordiging van die erfenis van die mense van die Wes-Kaap.

Nominasievorms is beskikbaar by: **www.westerncape.gov.za** of per e-pos deur 'n versoek te rig aan Nuraan Vallie by 021 483 9696 OF elektronies na **Nuraan.Vallie@westerncape.gov.za**.

Benoemings moet op die voorgeskrewe vorm voltooi en gestuur word na die volgende adres om ons nie later as 16:00 op **Dinsdag, 19 April 2016** te bereik nie.

Vir aandag: Me. Nuraan Vallie, Departement van Kultuursake en Sport, Privaatsak X9067, Kaapstad, 8000
3de Vloer, Protea Assuransie-gebou, Groentemarkplein, Kaapstad, 8000

PROVINSIALE REGERING
WES-KAAP

WES-KAAPSE PROVINSIALE GEOGRAFIESE NAMEKOMITEE OPROEP OM BENOEMINGS

Lede van die geografie, taal en kultuurgemeenskap van die Wes-Kaap word hierby versoek om geskikte persone te benoem om op die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee te dien. Die komitee se ampstermyn is drie jaar. Benoemdes moet Suid-Afrikaanse burgers, ten minste 21 jaar oud en permanente inwoners van die Wes-Kaap wees.

Die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee (WKPGNK) is verantwoordelik vir advieslewering aan die Suid-Afrikaanse Geografiese Nameraad (SAGNR) oor sake wat verband hou met geografiese name – insluitend die standaardisering, verifiëring, transformasie van, en wysigings aan bestaande geografiese name. Benoemdes moet bewys lewer van kennis of gespesialiseerde vaardigheid in die volgende velde:

- Geografie/kartografie
- Ortografie (spelsisteme van taal)
- Taal en linguistiek (vaardigheid in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap)
- Kultuurerfenis, Geskiedenis en Toerisme

Lede wat op die WKPGNK dien, ontvang nie salarisse nie, maar wel vergaderingtoelaes. Lede van die publiek wat geskikte kandidate wil benoem om op die WKPGNK te dien, moet die voorgeskrewe nominasievorm met die volgende besonderhede voltooi:

a) Die benoemde se volle naam, adres, kontaktelefoonnommer en e-posadres
b) 'n Curriculum Vitae van die benoemde wat bewys lewer van sy/haar benoembaarheid vir aanstelling op die WKPGNK
c) Die name en kontakbesonderhede van die persoon/instelling wat die kandidaat benoem

Geen benoemings sal oorweeg word indien al die bogenoemde inligting nie verskaf is nie. Nominasievorms is beskikbaar by Anita van der Merwe by 021 483 9721 OF elektronies deur 'n versoek om nominasievorm te stuur na Anita.VanDerMerwe@westerncape.gov.za

SLUITINGSDATUM: DINSDAG, 19de APRIL 2016